Verwysing: 20191023-783
Lêernommer: 4/1/4 (2019-2020)
Navrae: MJ Comer

Finansiële Rekeningkundeminuut: 0004/2019

Aan: Superintendent-Generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde van alle subdirektorate en afdelings, en alle amptenare wat met die toekenning en aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe werk

Onderwerp: Riglyne vir die toekenning en aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe deur die Staat

1. **Doel**

Hierdie minuut dien om belangrike kwessies rakende die toekenning en aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) te hanteer, riglyne daar te stel en verslag daaroor in die jaarlikse finansiële jaarstate te doen.

2. **Wetgewende raamwerk**

2.1 Artikel 44 van die **Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig**, bemagtig die rekeningpligte beampte (RB) van die WKOD om enige magte wat ingevolge hierdie Wet aan hom/haar toevertrou of gedelegeer is, aan 'n amptenaar in die WKOD te delegeer, of aan enige amptenaar opdrag te gee om enige van die pligte wat ingevolge hierdie Wet aan hom/haar opgedra is, uit te voer. Artikel 76(1)(l) van die WOFB bepaal ook dat die Nasionale Tesourie regulasies rakende geskenke of donasies deur of aan die Staat moet uitvaardig.

2.2 Die **Nasionale Tesourieregulasies (NTR)** is ingevolge artikel 76 van die WOFB uitgereik. NTR 21.1 is van toepassing op geskenke, donasies en borgskappe deur die Staat, en NTR 21.2 is van toepassing op die aanvaarding daarvan deur die Staat.

3. **Agtergrond**

3.1 'n Duidelike onderskeid moet getref word tussen geskenke, donasies en borgskappe wat deur die Staat ontvang word om vir departementele doeleindes gebruik te word, en geskenke wat amptenare in hul persoonlike hoedanigheid van lede van die publiek of verskaffers ontvang as 'n teken van dankbaarheid/vir goeie diens gelewer.

Die eersgenoemde is onderhewig aan goedkeuring ingevolge die voorskrifte en moet in die WKOD se jaarlikse finansiële state vermeld word, terwyl laasgenoemde in 'n persoonlike hoedanigheid aanvaar kan word, maar onderhewig is aan die *Policy on the Acceptance of Gifts by Office-Based Officials and Office-Based Educators of the Western Cape Education Department, 2019*.

3.2 Die gesag om die toekenning en aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe namens die Staat of die WKOD goed te keur, word grootliks deur die RB gedelegeer. Die dokument genaamd **Finansiële Delegasie van Magte** deur die RB is 22 Augustus 2016 gedateer. Ingevolge **finansiële delegasie nr. 15.1** is 'n **hoofdirekteur** gemagtig om die **toekenning van geskenke, donasies en borgskappe** deur die Staat tot 'n maksimum van R10 000 goed te keur. Bedrae van meer as R10 000 tot 'n maksimum van R100 000, kan slegs deur die RB van die WKOD goedgekeur word. By die uitoefening van hul gesag moet die verantwoordelike amptenare kennis neem van die opmerkings en voorwaardes waaraan voldoen moet word, soos uiteengesit in finansiële delegasie 15.1. Die voorwaardes vir die aanvaarding van geskenke aan die Staat is soos volg:

a) Dit moet in die belang van die Staat wees.
b) Dit moet in ooreenstemming met die doelstellings van die WKOD wees.
c) Dit moet tot die bevordering van die beeld van die WKOD bydra.
d) Dit moet nie gebruik word om die persoonlike belang van 'n amptenaar te bevorder nie.
e) Dit moet slegs in buitengewone omstandighede gemaak word.
f) Bedrae van meer as R100 000 moet deur die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement goedgekeur word.
g) Bedrae van meer as R100 000 per geval moet afsonderlik by die jaarlikse bewilligingsrekening ingesluit word.
h) Goedkeuring van die Provinsiale Tesourie moet verkry word voordat onroerende eiendom as geskenke of donasies aangebied word.
i) Die tersaaklike redes vir die toekenning van onroerende eiendom as geskenke of as donasies moet aan die Provinsiale Tesourie voorgelê word.

3.3 Ingevolge **finansiële delegasie nr. 15.2** word die **aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe** aan die Staat aan 'n **hoofdirekteur** gedelegeer. Let daarop dat alle kontant wat as geskenke, donasies en borgskappe ontvang word, as departementele inkomste inbetaal moet word. Donasies wat in natura ontvang word, moet ook gekwantifiseer word en aan die batebestuurder vermeld word vir opname in die bateregister. Die voorwaardes vir die aanvaarding van geskenke aan die Staat is soos volg:

a) Alle kontantgeskenke, donasies of borgskappe moet in die betrokke inkomstefonds inbetaal word, behalwe donasies wat ingevolge NTR 21.2.5 ontvang is.
b) Waar dit nie duidelik is vir watter doel 'n geskenk, donasie of borgskap aangewend moet word nie, kan die uitvoerende gesag besluit hoe dit benut moet word.

c) Alle geskenke, donasies of borgskappe wat gedurende 'n boekjaar ontvang is, moet as 'n aantekening in die finansiële jaarstate van die instansie geopenbaar word.

d) Donateur-befondsing ontvang ingevolge die Wet op die Heropbou- en Ontwikkelingsprogramfonds. van 1994 (Wet 7 van 1994), soos gewysig moet van tyd tot tyd deur die Nasionale Tesourie bepaal word.

3.4 Alle voorleggings vir geskenke, donasies en borgskappe moet by die toepaslike lynbestuurders ingedien word, en die bewyse van die gemagtigde voorleggings moet vir rekorddoeleindes op lêer gehou word.

3.5 Aangesien inkomste wat ontvang word, deel van die jaarlikse bewilliging van die WKOD uitmaak, kan alle gelde van individue of organisasies wat aan die inkomstefonds oorbetaal word, slegs bestee word sodra die geld ingevolge die Begrotingswet, 1997 (Wet 29 van 1997) bewillig is.

4. **Vereistes vir finansiële verslagdoening**

Dit is uiters belangrik dat die oorspronklike goedgekeurde voorleggings en stawende dokumentasie vir rekorddoeleindes op lêer gehou word, aangesien alle geskenke, donasies en borgskappe in die finansiële jaarstate en tussentydse finansiële state van die WKOD geopenbaar moet word.

Alle hoofdirekteure moet dus 'n register in die voorgeskrewe formaat wat as Bylae A hierby aangeheg is, van alle goedkeurings byhou wat in hierdie verband verleen is, en kwartaalliks verslag doen aan die Direkteur: Finansiële Rekeningkunde, d.w.s. in Maart, Junie, September en Desember van elke jaar.

5. Enige navrae in hierdie verband kan aan die volgende persone in die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde gerig word:
Assistentdirekteur – Finansiële Verslagdoening: Mnr. MJ Comer – tel. 021 467 2736
Adjunkdirekteur – Finansiële Verslagdoening: Mnr. Z Mpisi – tel. 021 467 2511

6. Hierdie minuut vervang die vorige instruksies in hierdie verband.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle amptenare wat geskenke, donasies en borgskappe hanteer. U samewerking om hierdie minuut na te kom, word waardeer.

GETEKEN: LJ Ely
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2019 –10 -31